

HOOFSTUK II

DIE ONGUNSTIGE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL

1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die meer bekende beeld van W.A. van der Stel bespreek, dit wil sê dié beeld wat voortkom uit die geskrifte van diegene wat hom persoonlik geken het, naamlik die vryburgers, en ook Abraham Bôgaert en Peter Kolbe. Hierby kom die beeld uit argivale bronne en die beeld uit die geskrifte van kontemporêre historici wat Van der Stel veroordeel het (hoewel hulle ook waardering vir sy positiewe daade gehad het).

Die bedoeling is nie om 'n geskiedenis van Wilhem Adriaan se bestuur aan die Kaap te skryf nie. Die sentrale vraag is: Watter beeld kry ons van die persoon van W.A. van der Stel, veral soos gesien deur sy teëstanders? Die ander Van der Stel-beeld, dit wil sê die beeld soos gesien deur sy verdedigers, word in die volgende hoofstuk bespreek.

Vir die korrekte perspektief word aanvanklik eers 'n kort oorsig gegee van Van der Stel se afkoms en voorkoms, sy eerste jare aan die Kaap voor hy nog goewerneur geword het, sy eerste jare as goewerneur en sy verhouding tot sy vader Simon. Daarna word die kernvraag beantwoord: Hoe het die ongunstige beeld van W.A. van der Stel in die geskiedenis ontstaan? Die omstandighede van sy ontslag en herroeping word bespreek en ten slotte volg 'n samevattende beskouing van sy persoonlikheid deur drie historici wat veral daarvoor verantwoordelik

was dat hierdie ongunstige beeld van Van der Stel in ons geskiedenis ingedra is.

2. WILHEM ADRIAEN SE AFKOMS EN VOORKOMS

Simon van der Stel en Johanna Six het ses kinders gehad waarvan Wilhem Adriaen die oudste was. Sy grootmoeder was Maria Lievens¹⁾, en nie die inboorlingvrou, Monica da Costa, soos in die verlede dikwels verkeerdelik gestel is nie.²⁾ Hierdie Monica van die Kus, soos sy ook bekend was, was sy oorgrootmoeder. Dit is dus waar dat hy gekleurde bloed in sy are gehad het.

Ons besit geen portret of afbeelding van Simon of Wilhem Adriaen nie.³⁾ Dit is egter bekend dat laasgenoemde 'n besonder donker gelaatskleur gehad het. Vandaar die vryburgers se spotnaam "Willem Koffieboon"⁴⁾ en Fouché se opmerking dat Van der Stel die indruk van 'n halwe Oosterling maak.⁵⁾ Hoewel feitlik geen verdere verwysing na sy gemengde bloed in historiese bronne gevind word nie, het die dramaturg, D.J. Opperman, egter deeglik hiervan gebruik gemaak in sy historiese drama VERGELEGEN.⁶⁾

1) Böeseken: Simon van der Stel en sy kinders, p. 268.

2) Onder andere deur Fouché: a.w. (1970), p. 10.

3) In Die Burger van 23 en 28 September 1972 het berigte verskyn oor die ontdekking van 'n skildery waarop Simon van der Stel en sy jong seun Wilhem sou verskyn asook 'n foto daarvan. Dr. W. Punt is tans besig om die saak te ondersoek. Die foto is pas gepubliseer in H.W.J. Picard: Masters of the Castle. Cape Town, 1972, tussen p. 48 en p. 49.

4) Anna de Villiers: Hercule des Prés. Kaapstad, 1947, p. 200.

5) Fouché: a.w. (1970), p. 10.

6) Kyk hoofstuk IV, pp. 136, 141 - 143, 158.

3. VAN DER STEL SE JEUGJARE

{ Wilhem Adriaen het as eerstelingkind van Simon van der Stel en Johanna Six van kleins af geleer dat hy 'n besondere persoon was, gebore om bedien te word. Hy het in weelde grootgeword tussen invloedryke familieleden. Toe hy veertien jaar oud was, "and an impossible boy"⁷⁾, vergesel hy sy vader na die Kaap toe laasgenoemde as nuwe kommandeur die bestuur hier kom oorneem het. Dit is opvallend dat sy moeder in Nederland agtergebly het en moes toesien hoe haar man en ses kinders na die verre Kaap vertrek. Sy sou haar man nooit weer sien nie. Haar jongste suster, Cornelia, het haar man en kinders vergesel.⁸⁾ Dr. Bøeseken het daarop gewys dat die verhouding tussen Simon en sy vrou nie na wense was nie⁹⁾ en dit is nie onmoontlik nie dat hierdie toedrag van sake 'n nadelige uitwerking op die kinders, en veral op die adolessente Wilhem Adriaen, gehad het. Simon het sy oudste seun as assistent gebruik en hom baie skryfwerk laat doen. Toe hy sewentien jaar oud was het hy as boekhouer en kassier reeds 'n klein salaris verdien.¹⁰⁾ In 1684 vertrek hy terug na Nederland om daar 'n nuwe loopbaan te begin. Op twintigjarige ouderdom is hy getroud met Maria de Hase, dogter van die ryk en invloedryke Francois de Hase. Hierdie huwelik het hom in staat gestel om in weelde te leef in Amsterdam. Hy het selfs 'n groot bedrag geld aan sy vader geleen toe laasgenoemde sy huis op "Constantia" begin bou het.¹¹⁾ Wilhem

7) Picard: a.w., p. 100.

8) Bøeseken: Simon van der Stel en sy kinders, p. 21.

9) Ibid., pp. 20, 28. Kyk ook Picard: a.w., pp. 85 en 86.

10) Bøeseken: "Wilhem Adriaen van der Stel" in De Kock en Krüger (reds.): a.w., p. 801.

11) Picard: a.w., p. 100.

Adriaen het verskeie belangrike poste in Nederland bekleed en dit was dus nie vreemd toe Here XVII hom as goewerneur in die plek van sy vader benoem het nie.

4. VAN DER STEL VOLG SY VADER OP AS GOEWERNEUR

Na 'n afwesigheid van vyftien jaar arriveer Wilhem Adriaen weer in Tafelbaai op 23 Januarie 1699. Hy was vier-en-~~der~~^{der}-tig jaar oud toe hy sy vader op 11 Februarie as goewerneur opgevolg het.¹²⁾

Dit was die gebruik dat die uittredende goewerneur 'n "Instructie" of laaste opdrag aan sy opvolger oorhandig om laasgenoemde op die hoogte van al die belangrike sake te stel. Simon van der Stel het 'n besonder lywige dokument opgestel.¹³⁾ Hymen Picard spreek 'n interessante mening uit oor die lengte van hierdie instruksie: "... it is likely that Simon van der Stel entertained misgivings about the future of the Colony under his son's rule. The extensive memorandum with recommendations which he handed Willem Adriaan as a kind of political testament, would seem to hint in that direction."¹⁴⁾ Simon het sy seun goed geken en daarom het hy uit sy pad gegaan om sy instruksies so volledig as moontlik te maak.

Dit is besonder insiggewend om na te gaan in watter opsigte die nuwe goewerneur die wenke van sy vader opgevolg het en waar hy sy eie koers ingeslaan het, want dit werp meer lig op die beeld van Wilhem Adriaen van der Stel.

12) Leibbrandt: *Precis ... Journal*, 1699 - 1732, pp. 1 en 2.

13) Böeseke (red.): *S.A. Argiefstukke. Belangrike Kaapse Dokumente I*, 1657 - 1699, pp. 229 - 238.

14) Picard: a.w., p. 99.

Aanvanklik het dit selfs gelyk of Wilhem Adriaen 'n beter insig in die probleme van die vryburgers sou hê as wat sy vader gehad het, veral as 'n mens Simon se skerp kritiek op die vryburgers in sy "Instrucie" in aanmerking neem. Hy waar=sku sy seun byvoorbeeld "dat seer veele deeser ingezeetenen tot den wijn soo onuijtsprekelyk geneegen zijnde, dat door 't onmatig consumeeren van dien drank haaren gantschen land en coornbouw koomen te verwaarloosen, de landerijen uijt te putten, haar vee te slagten en haare familien te verwaar=loosen."¹⁵⁾ Op sy eerste inspeksiereis het die nuwe goewer=neur gemerk dat baie van die plase te na aan mekaar lê. Dit het hom tot die gevolgtrekking laat kom dat die boere as ge=volg daarvan nie 'n behoorlike bestaan kon maak nie. Simon van der Stel het die boere se armoede dikwels aan hulle on=vermoë om te boer toegeskryf en daarom wou hy nie meer grond aan hulle gee nie. Hy het selfs in sy "Instrucie" aan die hand gedoen dat die boere nie toegelaat moet word om die land so diep in te trek nie. Hy was naamlik bekommerd oor die min weerbare manne aan die Kaap en hy was gedurig bevrees dat Nederland se vyande 'n aanval op die Kaap kon maak. Verder was hy bevrees vir botsings met die Hottentotveeboere. Maar aan hierdie wens van sy vader het Wilhem Adriaen hom egter nie gesteur nie. Trouens, hy het die veeboere juis aange=moedig om die land dieper in te trek en om met vee te boer, in so 'n mate dat hy beskou kan word as die vader van vee=boerdery in Suid-Afrika.¹⁶⁾ Vanaf 1700 het veeboerdery baie

- 15) Bëeseken (red.): S.A. Argiefstukke. Belangrike Kaapse Doku=mente I, 1657 - 1699, p. 230.
- 16) Vir volledige besonderhede oor die uitbreiding van die kolo=nie en veral die rol van die veeboerpioniere, kyk die volgen=de werke: A.J.H. van der Walt: Die Ausdehnung der Kolonie am Kap der Guten Hoffnung, 1700 - 1779. Berlyn, 1928 en P.J. van der Merwe: Die trekboer in die geskiedenis van die Kaap=kolonie, 1657 - 1842. Kaapstad, 1938.

gewild geword, onder andere as gevolg van die doelbewuste aanmoediging van Van der Stel. 'n Direkte uitvloeisel hiervan was die vestiging in die sogenaamde Land van Waveren.¹⁷⁾

Uit sy "Instructie" blyk dit verder dat Simon nie so goed met die Franse immigrante klaargekom het nie, want van alle persone is die "France Natie de minst van allen te vertrouwen".¹⁸⁾ So waarsku hy sy seun. Toe dit later geblyk het dat die helfte van die ondertekenaars van die KLAGSKRIF Franse was, moes Wilhem Adriaen ongetwyfeld aan hierdie waarskuwing gedink het. Aanvanklik was hy egter nie bevooroordeeld teenoor hulle nie; hy het selfs by Here XVII namens hulle gepleit dat 'n predikant een maal in veertien dae in Frans moes preek.¹⁹⁾

Wilhem Adriaen het beslis sy vader se liefde vir bome gedeel, want hy het self duisende eikebome laat aanplant. Nog voordat hy die bewind oorgeneem het, het hy self toesig gehou oor die ontskeping van jong bome en plante wat hy uit Europa saamgebring het.²⁰⁾ Dit blyk ook uit die korrespondensie dat hy die landdros van Stellenbosch by verskeie geleenthede moes aanspreek om die ewe traie boere aan te sê om jong eike te laat haal en "op vervallen plaatsen en bosschen" aan te

- 17) Böeseken: Simon van der Stel en sy kinders, p. 166.
- 18) "Instructie ... aan W.A. van der Stel" (Böeseken (red.): S.A. Argiefstukke. Belangrike Kaapse Dokumente I, p. 233).
- 19) W.A. van der Stel - Here XVII, 24.5.1703 (Leibbrandt: Precis ... Letters Despatched, 1696 - 1708, p. 227).
- 20) Dagregister: 26.1.1699 (Leibbrandt: Precis ... Journal, 1699 - 1732, p. 2).

plant.²¹⁾

'n Ander gebied waarin die nuwe goewerneur baie meer belangstelling getoon het as sy vader, was die wolboerdery.²²⁾ Die boere het egter nie sy geesdrif gedeel nie sodat hy self op sy plaas met hierdie eksperiment voortgegaan het. Sy herroeping na Nederland sou hieraan egter 'n einde bring sodat 'n gulde geleentheid vir die boere verlore gegaan het; jare later is eers beseef hoe versienende Wilhem Adriaen in hierdie verband was toe wolboerdery 'n bloeitydperk beleef het.

Dit wil voorkom asof Wilhem Adriaen tydens sy bestuur maar min kontak met sy vader gehad het. Kolbe beweer dat hy sy vader feitlik nooit besoek het nie, hoewel Simon nie ver van die Kasteel op "Constantia" geboer het nie.²³⁾ Sover vasgestel kon word, bestaan daar slegs een persoonlike brief wat Simon aan sy seun geskryf het.²⁴⁾ Dit is bloot 'n amptelike versoek waarin die oud-goewerneur sy seun se gesag sonder oordrewe onderdanigheid erken. Toe Wilhem Adriaen die Kaap in 1708 verlaat het, het hy, eienaardig genoeg, nie aan sy vader volmag gegee om sy persoonlike sake te behartig nie, maar wel aan 'n sekere Daniël Thibault.²⁵⁾

- 21) Kyk byvoorbeeld onder andere W.A. van der Stel - landdros Ditmars, 29.8.1699 (Leibbrandt: *Precis ... Letters Despatched*, 1696 - 1708, p. 128).
- 22) H.B. Thom: *Die geskiedenis van die skaapboerdery in Suid-Afrika*. Amsterdam, 1936, pp. 251 - 252.
- 23) Kolbe: a.w., p. 357.
- 24) Bøeseken: *Simon van der Stel en sy kinders*, teenoor p. 225. Kyk ook Bylae 2 vir fotokopie.
- 25) *Ibid.*, p. 226.

5. DIE EERSTE JARE VAN WILHEM ADRIAEN SE BESTUUR

Die nuwe goewerneur het sy taak met ywer en geesdrif aangepak en in verskeie opsigte het hy sy werk gedurende die eerste jare van sy bewind met toewyding gedoen. Bevestiging hiervoor word gevind in 'n brief van die Bataafse owerheid waarin hulle hul waardering betuig vir 'n rapport van kommissaris Wouter Valckenier wat die Kaap in 1700 besoek het op 'n inspeksiereis.²⁶⁾ In sy antwoord op hierdie brief spreek die Goewerneur die hoop uit dat die kolonie nog baie sal verbeter en hy verseker die hoë owerheid dat hy en sy amptenare hulself nie sal spaar om hierdie ideaal te verwesenlik nie.²⁷⁾

5.1 Vertroebeling

Ten spyte van die goeie begin wat Van der Stel gemaak het, was daar egter sekere faktore wat spoedig hul invloed op die rustige gang van sake sou laat geld en wat ernstige vertroebeling meegebring het. Eerstens het Here XVII weer eens sterk aangedring op die uitvoering van hul opdrag van 1695 dat die Kompanjie alle landbou en veeteelt wat sy amptenare vir die rekening van die Kompanjie behartig het, moes staak, omdat daar nou genoeg vryburgers was aan wie hierdie sake toevertrou kon word. Die Goewerneur het beloof om hieraan uitvoering te gee.²⁸⁾ En tog het dit gebeur dat sommige

26) Batavia - W.A. van der Stel, 26.10.1700 (Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, p. 255).

27) W.A. van der Stel - Batavia, 29.5.1701 (Leibbrandt: Letters Despatched, 1696 - 1708, p. 181).

28) W.A. van der Stel - Here XVII, 1.3.1700 (Leibbrandt: Letters Despatched, 1696 - 1708, p. 139).

van die vernaamste amptenare al hoe meer grond gekry en vir eie rekening begin boer het! Die Goewerneur self het in 1700 'n groot plaas van kommissaris Valckenier ontvang. Hierdie "Vergelegen", soos die plaas genoem is, sou sy invloed deeglik laat geld, nie net in Wilhem Adriaen se eie lewe nie, maar dit sou ook die lewensloop van sy mede-amptenare radikaal wysig.

5.2 Van der Stel se boerdery

Die nuwe Goewerneur het sy belofte aan Here XVII om alle boerdery deur amptenare op te skort nie nagekom nie; intendeel, hy en sommige van sy vernaamste amptenare het nou juis op groot skaal begin boer! Die ironie van die saak is dat kommissaris Daniël Heins en Wouter Valckenier, beide hoë amptenare van die Kompanjie, met hul grondtoekennings tydens hulle besoeke aan die Kaap hierdie boerdery deur amptenare aangemoedig het! Die H.O.I.K. dra dus indirek self in 'n hoë mate skuld vir die botsing tussen amptenare en vryburgers, wat 'n direkte uitvloeisel was van hierdie boerdery van die amptenare. In die verlede is hierdie belangrike feit nie sterk genoeg beklemtoon nie. Selfs Simon van der Stel dra indirek ook skuld, want in sy "Instructie" aan sy seun het hy hom feitlik aangemoedig om aan dié amptenare wat lus het om te boer meer grond te gee.²⁹⁾ Hulle moes dan deur hulle goeie voorbeeld ander eerlike amptenare aanmoedig om boere te word. Dat hulle vryburgers moes word, is nie uitdruklik gesê nie.

29) "Instructie ... aan W.A. van der Stel" (Böeseken (red.): S.A. Argiefstukke. Belangrike Kaapse Dokumente I, 1657 - 1699, p. 231).

Juis hiër lê die wortel van die kwaad; die Kaapse mark was sô beperk dat die vryburgers nie eens al hul produkte van die hand kon sit nie. Die feit dat sommige vooraanstaande amptenare nou ook op groot skaal begin boer het, het tot oorproduksie in 'n ernstige graad gelei. Hierdie amptenare, wat in beheer van sake was, het dan gesorg dat hul eie produkte voorkeur kry. Nodeloos om te sê dat dit die vryburgers met totale ruïnering bedreig het.

Wilhem Adriaen het spoedig die grootste boer in die land geword en sy plaas het sy aandag in so 'n mate in beslag geneem dat hy sy pligte by die Kasteel begin verwaarloos het. "Vergelegen" was omtrent twaalf uur per koets van die Kasteel af geleë. Dit was veral hierdie afstand wat invloed op die verloop van sake sou hê; dit het aan die Goewerneur 'n valse gevoel van veiligheid gegee sodat hy meer en meer Kompanjiesknegte en -goedere op sy plaas gebruik het. Wat erger is; dit het hom uit voeling met die burgers laat raak. Hulle het gekla dat hy tot ses weke op sy plaas afwesig was en dat hulle hom daar nie durf steur het nie.³⁰⁾

Soos verwag kan word het die vryburgers heelwat aandag in hulle KLAGSKRIF aan Van der Stel se reuseboerdery gegee, omdat dit juis een van dié sake was wat hulle die meeste gegrief het.³¹⁾ Hoe het hierdie boerdery daar uitgesien?

30. Klagskrif, Artikel VI (Dominicus: a.w., p. 35). Kyk p. 71v.

31) Ibid., Artikel II, III, IV, XX, XXIV, XXVIII (Dominicus: a.w. pp. 33 - 40). Fouché gee 'n uitstekende uiteensetting van Van der Stel se boerdery in sy "Aanhangsel" by die Dagboek van Adam Tas, (1970), pp. 332 - 340. Kyk verder p. 62v.

Van der Stel het die 400 morg wat hy in 1700 van Valckenier ontvang het in 1703 na 613 morg vergroot deur eenvoudig 'n aangrensende stuk grond aan die baastuinier, Jan Hartog, te gee en dit daarna teen 'n geringe bedrag weer van hom te koop.³²⁾ Die Goewerneur het van "Vergelegen" 'n pragplaas gemaak. Hy het 'n deftige herehuis laat bou wat deur die vryburgers bestempel is as "een overmatige groote hofstede van wijtlustigen beslag".³³⁾ Hulle het egter oordryf met hulle bewering dat daar vyftig boere op hierdie plaas kon boer. Tien boere sou nader aan die waarheid gewees het; 'n gemiddelde boereplaas was omtrent sestig morg groot. Die reisiger Francois Valentyn, het "Vergelegen" persoonlik besoek op uitnodiging van die Goewerneur en een dag daar deur=gebring. Hy praat met groot bewondering van alles wat hy daar gesien en geniet het.³⁴⁾

Die produksievermoë van "Vergelegen" was geweldig groot vir daardie tyd. Dit het byvoorbeeld jaarliks vyf-en-vyftig leggers skoon wyn gelewer.³⁵⁾ Die totale wynproduksie deur al die wynboere vir die jaar 1705 het 1 132 leggers bedra.³⁶⁾ Dan het die Goewerneur nog jaarliks honderd leggers wyn by die boere gekoop teen dertig tot veertig gulden per legger.³⁷⁾ Hy het dit op sy plaas "behandelt, opgepast en

32) Fouché: a.w. (1914), pp. 296, 297.

33) Klagskrif, Artikel II (Dominicus: a.w., p. 33).

34) Francois Valentyn: Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I. (Van Riebeeck-vereniging) Kaapstad, 1971, p. 150.

35) Ibid. 'n Legger is sowat 730 liter.

36) Fouché: a.w. (1970), p. 362.

37) In vandag se geld bereken, ongeveer R6 - R8 per legger.

opgepoetst" en dit dan weer aan besoekende skepe teen 280 gulden (R56) per legger verkoop.³⁸⁾ Oor hierdie woekerwins was die vryburgers baie ontevrede.³⁹⁾

Van der Stel was ook 'n groot graanboer. Gedurende die jare 1705 - 1706 het die boere gesamentlik 4 331 mud graan gewen, terwyl die Goewerneur alleen 1 100 mud geproduseer het!⁴⁰⁾ Die boere het daarop gewys dat hy teen vyftien gulden per mud graan aan die bakkers gelewer het, terwyl die vryburgers maar agt en 'n half gulden ontvang het, en dan moes hulle ook nog tiendes van hierdie inkomste aan die Kompanjie afstaan.⁴¹⁾

Verder was Van der Stel 'n buitengewoon groot veeboer. Hy het agtien veeposte gehad, ongeveer 1 000 beeste en 20 000 skape.⁴²⁾ Hierdie getalle is onder eed verstrekk deur persone wat self in diens van die Goewerneur was en wat gereeld verslag aan hom moes doen oor die vee. Die vryburgers het die Goewerneur se boerdery dus eintlik onderskat, want in die KLAGSKRIF praat hulle van 800 beeste, 10 000 skape en vyftien veeposte.⁴³⁾ In sy verdediging het Van der Stel weer beweer dat hy nooit meer as agt veeposte en nooit meer as enige honderd beeste en enige duisend skape...⁴⁴⁾ gehad het nie!

- 38) J.I. van Rensburg: Die geskiedenis van die wingerdkultuur in Suid-Afrika, 1652 - 1752, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S., 1930, p. 94).
- 39) Klagskrif, Artikel XV (Dominicus: a.w., p. 36).
- 40) Fouché: a.w. (1970), p. 338.
- 41) Klagskrif, Artikel XVII en XIX (Dominicus: a.w., p. 37).
- 42) Verklaring deur Calis Louw en Jan Human (Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 138).
- 43) Klagskrif, Artikel II en III (Dominicus: a.w., p. 33).
- 44) Korte Deductie, Artikel II, reël 170 (Leibbrandt: Precis ... The Defence of W.A. van der Stel, p. 9).

Vir hierdie reuseboerdery het Van der Stel baie werksmense benodig. Die vryburgers het aangevoer dat hy 350 arbeiders in diens gehad het waarvan sestig blanke knegte en 100 slawe aan die Kompanjie behoort het en deur die Kompanjie besoldig is.

Hierbo het ons dus die beeld van 'n superboer. Dit is byna jammer dat so 'n boer herroep moes word! Maar Van der Stel het nie rekening gehou met die ekonomiese toestand van sy onderdane, die boere, nie. Die sekunde, Samuel Elsevier, het in 1705 teenoor die Goewerneur opgemerk "dat 'er over drie of vier jaar geene vryburgers meer aan de Kaap vannoden waren; en dat 'er voor hen (die amptenare) kans was, om met hun viereen of vyven de Maatschappye en de Kaap van alles te voorzien."⁴⁵⁾

Omstandighede soos hierbo geskets het dus die weg voorberei vir die botsing wat daar aanstons tussen die vryburgers en die amptenare en in besonder tussen die vryburgers en Van der Stel sou ontstaan en wat sou lei tot die totstandkoming van die ongunstige beeld wat daar van Van der Stel in die geskiedenis bestaan.

6. DIE ONGUNSTIGE BEELD VAN W.A. VAN DER STEL IN DIE GESKIEDENIS

Behalwe sake soos die boerdery van die Goewerneur was daar ook nog ander faktore wat die verhouding tussen hom en die vryburgers ernstig vertroebel het en wat sou bydra tot sy ongunstige beeld in die geskiedenis. Op elkeen van hierdie sake word vervolgens gewys.

45) Bôgaert: a.w., p. 476.

6.1 Van der Stel se teëstanders

Die inwoners van die dorpie aan die voet van Tafelberg het geen direkte griewe teen die Goewerneur gehad nie, omdat hulle nie boere was nie. Sy grootste teëstanders was die "buiten=lieden", veral die boere in die distrikte Stellenbosch en Drakenstein. Hulle het naamlik die meeste onder die wanbe=stuur van die Goewerneur gely wat voortgevloei het uit laas=genoemde se boerderybeleid en ander sake waarop nog gewys sal word.

6.2 Waar het Van der Stel gefouteer? Twee menings

Volgens De Kiewiet was die fout wat Van der Stel gemaak het nie soseer die feit dat hy homself wou verryk nie, want in Holland en Oos-Indië was dit 'n alledaagse praktyk wat 'n uitvloeisel was van die Kompanjie se hele stelsel. "His mistake was that he tried to make his fortune at the expense of a poor, underpeopled colony, where dishonesty struck swiftly at the welfare of the struggling colonists."⁴⁶⁾

Theal het die spyker op die kop geslaan toe hy Wilhem Adriaen se optrede probeer tipeer het deur na 'n Nederlandse uitdrukking te verwys dat "de gelegenheid dieven en moordenaars maakt."⁴⁷⁾ Die Goewerneur het as 't ware beswyk voor die talle geleenthede; die versoekings was vir hierdie man met sý ondernemingsgees en liefde vir geld en weelde eenvoudig te groot. Dit wil egter nie sê dat hy 'n onskuldige slagoffer

46) C.W. de Kiewiet: A History of South Africa, social and economic. Oxford, 1941, p. 7.

47) Theal: History of South Africa, before 1795 II, pp. 386 - 387.

van omstandighede was nie; as verantwoordelike hoofamptenaar moes hy die gevolge van sy daade kon voorsien het.

6.3 Voorbeelde van die sterk gevoel teen Van der Stel

Hoe sterk die gevoelens van sommige plattelandse burgers teen die Goewerneur was, blyk veral uit die DAGBOEK VAN ADAM TAS. Toe Tas hoor dat die Goewerneur van plan was om hom (Tas), Henning Hüsing en Jacobus van der Heiden te vervolg omdat hulle "de voornaamste aanlijders van 't quaad" was, het hy in sterk taal losgebars: "Die vervloekte Tijran heeft de Inge= seetenen zederd eenige jaaren op een ongehoorde manier ge= drukt en geplukt, datze bijna baloorig zijn geworden... O Tijden! O Zeden! dog de regtvaardige God mag men hoopen zal 't quaad eens op des bazen kop doen neerdaalen, en niet toelaten dat de Vroomen langer onderdrukt worden."⁴⁸⁾ 'n Rukkie later beskuldig Tas en amptenaarboere en die Goewer= neur daarvan dat hulle die vryburgers laat verarm terwyl hul= le hul eie sakke vul, "dog men mag hoopen, de goede God zal den Tijran en onderdrukker der gemeente, met alle die hem aan= hangen in 't kort dit Land doen ruijmen, en 't bedreeven quaad op zijn vervloekte kop doen komen."⁴⁹⁾ As 'n mens in gedagte hou dat die gemiddelde boereplaas nie meer as sestig morg groot was nie en dat die Van der Stels (Simon, Frans en Wilhem Adriaen) en sewe of agt amptenare gesamentlik nie minder nie as 12 000 morg van die beste grond aan die Kaap vir hulself benut het,⁵⁰⁾ kan jy begryp waarom Tas so bitter was. Hoe

48) Dagboek van Adam Tas, 28.12.1705 (Fouché: a.w.(1970), p. 138). Kyk ook Bylae 4 vir fotokopie van Kaapse kopie van die Dagboek waar bogenoemde aanhaling voorkom.

49) Ibid., 29.1.1706, p. 172.

50) Böeseken: Simon van der Stel en sy kinders, p. 172v.

suksesvoller die amptenare geboer het, hoe donkerder het die toekoms vir die vryburgers geword.

6.4 Die krisisjaar 1705

Teen die jaar 1705 het sake vinnig na 'n krisis beweeg. Dit het uiteindelik op die opstel van die KLAGSKRIF⁵¹⁾ deur die vryburgers uitgeloop. Hierin het hulle hul klagtes teen veral die Goewerneur voor die Here Meesters uitgestort. Hierdie klagtes is meer as net klagtes; dit is beskuldigings wat die grondslag geword het vir die ongunstige beeld van W.A. van der Stel wat deur historici in die geskiedskrywing vasgelê is.

Verskeie sake het tot hierdie krisis bygedra: die Goewerneur se optrede teen sekere vryburgers, sy hantering van die vee=ruil en veral ook sy hantering van die vleis- en wynpag. Hierdie sake was die spreekwoordelike vonk in die kruitvat.

6.5 Jan Rotterdam

Die eerste openlike botsing tussen die Goewerneur en 'n burger het plaasgevind toe die bejaarde en gesiene Jan Rotterdam by twee geleenthede nie in die Goewerneur se teenwoordigheid opgestaan het soos die gebruik was nie. Die eerste geleentheid was tydens 'n kerkdiens en die tweede toe Rotterdam op sy stoep bly sit het terwyl die Goewerneur verbygegaan het. Laasgenoemde was daarvan bewus dat Rotterdam hom nie goedge=sind was nie en dat sy naam die eerste onderaan die burgers se KLAGSKRIF verskyn het. Rotterdam het beweër, toe hy deur 'n kommissie van die Politieke Raad genader is oor sy gedrag,

51) Kyk hoofstuk I, p. 12v. en voetnoot 7.

dat hy aan diabetes gelyk het wat dit vir hom moeilik gemaak het om op te staan.⁵²⁾ Die Goewerneur het die Politieke Raad hierop beweeg om Rotterdam na Batavia te laat verban!⁵³⁾

Hierdie optrede van Van der Stel teenoor 'n gesiene lid van die vryburgers het die gemoedere gaande gemaak; daar is gemeen dat die Goewerneur heeltemal te ver gegaan het om op so 'n drastiese wyse van sy teëstanders ontslae te raak. Maar dit was maar net die begin van die Goewerneur se optrede; in die tyd wat voorgelê het sou hy hom nog meer ongewild maak.

6.6 Die veeruil

Die veeruil met die Hottentotte het dikwels tot groot ontevredenheid gelei omdat die veeboere kort-kort verwar is as gevolg van die owerheid se beleid. Here XVII het reeds in 1699 uitdruklik beveel dat slegs die vryburgers met die Hottentotte handel kon dryf.⁵⁴⁾ Die Goewerneur het egter versuim om hierdie besluit bekend te maak, omdat die amptenaarboere self vee geruil het. Kommissaris Valckenier het die saak egter tydens sy besoek in 1700 reggestel en die veeruil vir almal oopgestel. Van der Stel het die boere as lastige mededingers beskou en het sy bes gedoen om die veeruil te verbied en as rede hiervoor aangevoer dat sommige boere die Hottentotte mishandel en beroof.⁵⁵⁾ Maar Here XVII wou nie

52) Theal: History of South Africa, before 1795 II, p. 435.

53) Böeseke (red.): S.A. Argiefstukke. Resolusies van die Politieke Raad, 1681 - 1707. Kaap no. III, 12.10.1705, pp. 424 - 427.

54) Here XVII - W.A. van der Stel, 27.6.1699 (Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, p. 205).

55) Böeseke: Simon van der Stel en sy kinders, p. 171.

veeruil verbied nie⁵⁶⁾ en die Goewerneur en Politieke Raad tree dus op eie houtjie op toe hulle nogtans die veeruil verbied.⁵⁷⁾ Hulle word egter deur Here XVII verplig om hulle verbod op te hef.⁵⁸⁾ 'n Paar maande later het die Goewerneur en Politieke Raad egter weer alle ruilhandel met die Hottentotte verbied,⁵⁹⁾ en weer eens is hulle deur Here XVII verplig om dit oop te stel!⁶⁰⁾ Hierdie keer het die Goewerneur egter nie dié opdrag aan die boere bekend gemaak nie, want hy het op dié stadium self op reuseskaal vee van die Hottentotte bekom. Die boere was magteloos en moes eenvoudig toesien hoe sommige amptenare alleen vee ruil, want hulle het geweet dat die Goewerneur op dié wyse vee gekry het. Sommige boere het egter in die geheim nog met die Hottentotte onderhandel maar is dan swaar gestraf as dit ontdek is.

6.7 Die vleis- en wynpag

Die Goewerneur se hantering van die vleis- en wynpag het groot ontevredenheid onder die boere veroorsaak. Henning Hüsing, een van die leiers van die vryburgers, was die rykste boer. Die Goewerneur het hom die winsgewende vleispag ontnem en dit aan vier ander slagters toegeken. Hierdie persone was

- 56) Here XVII - W.A. van der Stel, 21.6.1702 (Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, p. 301).
- 57) Böeseken (red.): S.A. Argiefstukke. Resolusies van die Politieke Raad, Kaap no. III, 1681 - 1707, 27.10.1702, p. 390.
- 58) Here XVII - W.A. van der Stel, 2.7.1703 (Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, p. 330).
- 59) Jeffreys (red.): S.A. Argiefstukke. Kaapse Plakkaatboek I, 1652 - 1707, 10.1.1704, p. 340.
- 60) Here XVII - W.A. van der Stel, 24.7.1704 (Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, p. 347).

só afhanklik van die Goewerneur se guns dat hulle feitlik net van hom en sy amptenaarboere vleis gekoop het.⁶¹⁾ Van die meer as 10 000 skape wat oor 'n tydperk van een jaar aan die Kaap verbruik is, het die vryburgers slegs 2 700 skape gelewer.⁶²⁾ Die res is alles deur die Goewerneur en sy vriende voorsien.

Toe Van der Stel ook nog die wynpag in 1705 aan Johannes Phijffer, een van sy gunsteling (en dit nogal iemand met 'n baie swak reputasie)⁶³⁾ toeken, was die gort gaar. Die vryburgers het in hierdie nuwe maatreëls van die Goewerneur 'n bedreiging vir hulle bestaan gesien en dié gevoel van ekonomiese onveiligheid moes noodwendig tot 'n ernstige botsing lei. Die vonk was in die kruitvat en onmiddellik na die toekenning van die wynpag het die vryburgers hul KLAGSKRIF teen die Goewerneur opgestel en die stryd teen Van der Stel het in alle erns begin.

6.8 Van der Stel - die onderdrukker

In die KLAGSKRIF word die vernaamste klagtes van die vryburgers uiteengesit en die meeste daarvan is gebaseer op Van der Stel se onderdrukking van veral die boere.⁶⁴⁾ Die vryburgers noem hulleself vrygebore mense wat erger as slawe behandel word deur 'n onsimpatieke Goewerneur. Hulle noem baie voorbeelde van sy onregverdige oorheersing, byvoorbeeld die

61) Bōeseken: Simon van der Stel en sy kinders, pp. 178, 179.

62) Fouché: a.w. (1914), p. 326.

63) Klagskrif, Artikel XXXI (Dominicus: a.w., p. 41).

64) Kyk Klagskrif, Artikels XII - XIV, XVI - XVIII, XXII, XXIII, XXVI, XXVII, XXXVII (Dominicus: a.w., pp. 26v.).

feit dat hy die beste timmerhout vir homself gereserveer het en dan dieselfde daarvoor betaal het as wat die burgers vir swakker hout moes betaal; die vryburgers is selfs verbied om met vreemde skepe handel te dryf terwyl die Goewerneur sy eie produkte teen 'n hoë prys aan hierdie skepe van die hand gesit het. Op dié manier is die vryburgers "het brood als uit den mond gerukt."⁶⁵⁾ As gevolg van hierdie optrede was daar baie min geld in omloop onder die burgers. As hierdie "tirannische manier van regeering"⁶⁶⁾ aanhou, stuur die kolonie af op ondergang, het die boere verontwaardig uitgeroep. Verder is sommige burgers gedwing om gratis karweiwerk vir die Goewerneur te doen;⁶⁷⁾ Van der Stel en sy broer, Frans, het beheer uitgeoefen oor die belangrikste visvangplekke en geen burger kon dit waag om hier vis te vang nie;⁶⁸⁾ omdat die Goewerneur en sy broer ook feitlik die hele Hottentots-Hollandgebied vir hulleself toegeëien het, is die boere verbied om hulle vee hier te laat wei.

Die despotiese optrede van Van der Stel blyk egter die duidelikste in sy vervolging van die ondertekenaars van die KLAGSKRIF. Theal sê selfs dat hierdie vervolging nooit deur die grootste despoot in Europa geëwenaar is nie!⁶⁹⁾

Adam Tas is gearresteer en sy lessenaar met al die dokumente daarin, onder andere 'n afskrif van die KLAGSKRIF, is gekonfiskeer. Op dié manier het die Goewerneur presies geweet

65) Klagskrif, Artikel XII (Dominicus: a.w., p. 36).

66) Ibid., Artikel XXX (Dominicus: a.w., p. 40).

67) Ibid., Artikel XVIII (Dominicus: a.w., p. 37).

68) Ibid., Artikels XXII en XXIII (Dominicus: a.w., p. 38).

69) Theal: History of South Africa, before 1795 II, pp. 435, 444.

wie sy vyande was en wat die klagtes teen hom was. Terselfdertyd het Van der Stel 'n plakkaat laat uitvaardig waarin alle sameswerings of ondertekening van "lasterlike geskrifte" teen die owerheid verbied is.⁷⁰⁾

Verskeie arrestasies en verhore het gevolg. Die Goewerneur se doel was om soveel burgers as moontlik hul aanklagte teen hom te laat terugtrek sodat hy hierdie bekentenisse met die retoervloot, wat in die baai gelê het, na Patria kon stuur.

Die onafhanklike fiskaal, Blesius, wat veronderstel was om toe te sien dat reg en geregtigheid geskied, was 'n swakkeeling en is deur die Goewerneur onder die duim gehou. Dit het die burgers "in waarheid de fontein van al onse rampen" genoem.⁷¹⁾ Hy was siende blind en horende doof vir die Goewerneur se optrede. Van der Stel het sy handlanger, Johannes Starrenburg, die Stellenbosse landdros, as aanklaer laat optree tydens die verhore van die vryburgers. Laasgenoemde se jurisdiksie was slegs tot Stellenbosch en Drakenstein beperk en Blesius het maar toegesien dat 'n ander in sy plek as aanklaer optree. Ook die Raad van Justisie, of die "Bloedraad",⁷²⁾ soos die burgers dit tereg genoem het, moes na Van der Stel se pype dans. Terwyl die hof in sitting was, het Van der Stel in 'n aangrensende kamer agter 'n deur gesit en van daar die leiding gegee! Kort-kort het Starrenburg hom gaan raadpleeg as hy nie geweet het wat hom presies

70) Plakkaat, 4.3.1706 (Jeffreys (red.): S.A. Argiefstukke. Kaapse Plakkaatboek, 1652 - 1707 I, pp. 347 - 348).

71) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 30. Kyk ook Kolbe: a.w., pp. 347, 350.

72) Bôgaert: a.w., p. 526.

te doen staan nie!⁷³⁾ Hy was immers net 'n blote werktuig in die Goewerneur se hande. Die Goewerneur het heel waarskynlik nie kans gesien om fiskaal Blesius sō te gebruik nie.

Die gevange burgers is sō gedreig (onder andere met verbanning en met die berugte "donker gat") dat die meeste van hulle hul aanklagte herroep het. Jacobus van der Heiden en Jacob Louw het egter voet by stuk gehou en daarom is hulle ook die swaarste gestraf.⁷⁴⁾ Die Goewerneur het hierdie herroepings of "confessien" later gebruik as bewyse van sy onskuld in sy KORTE DEDUCTIE.⁷⁵⁾

Sommige van die ondertekenaars van die KLAGSKRIF het daarin geslaag om te vlug.⁷⁶⁾ Van der Stel het geen steen onaange= roerd gelaat om hulle in die hande te kry nie. Hy het selfs die Raad van Justisie so ver gekry om hierdie nege voortvlug= tendes in hul afwesigheid te veroordeel tot vyf jaar verban= ning na Mauritius. Hy kon dit nie verdra dat sommige van sy vyande op vrye voet was nie.

Ten slotte kan nog 'n voorbeeld van Van der Stel se onder= drukkende maatreëls genoem word: Van der Heiden, wat nie voor die Goewerneur wou swig nie, is sō lank in die berugte "donker gat" gevange gehou dat sy gesondheid ingegee en hy by die dood omgedraai het. Adam Tas is meer as dertien maande gevange gehou.⁷⁷⁾ Van der Stel kon Tas blykbaar nie vergewe

73) Bōgaert: a.w., p. 526.

74) Bōeseken: Simon van der Stel en sy kinders, pp. 194 - 195.

75) Kyk hoofstuk I, pp. 23 - 25 en hoofstuk III vir meer beson= derhede.

76) Kyk Franken se reeks artikels hieroor in Die Huisgenoot, 6.7.1928, pp. 45, 47, 49; 7.9.1928, pp. 35, 37, 39, 43.

77) Bōeseken: Simon van der Stel en sy kinders, p. 201.

dat hy die penvoerder van die vryburgers was nie en hy kon seker ook nie vergeet wat Tas oor die Goewerneur in sy DAG=BOEK gesê het nie ...

'n Mens kan dus begryp waarom Van der Stel se onderdrukkende maatreëls hom so 'n gehate persoon onder die vryburgers ge=maak het en waarom hierdie ongunstige beeld deur historici soos Kolbe, Bôgaert, Theal en Fouché in die geskiedskrywing ingedra is. Maar die beeld van Van der Stel sou nóg ongunstiger word; daar is ook nog ander fasette wat bykom, soos byvoorbeeld sy hebsug.

6.9 Van der Stel - die hebsugtige

Toe Wilhem Adriaen as goewerneur aangestel is, was hy reeds 'n vermoënde man, want hy het 47 491 gulden in Nederland ge=laat en in 1684 het sy vader hom reeds 10 000 gulden geskuld. Toe hy na Nederland teruggekeer het, het hy meer as 48 000 gulden besit.⁷⁸⁾ Die meeste van hierdie geld is egter nie op eerbare wyse bekom nie.

Aan die Kaap het Van der Stel berug geword as gevolg van die geskenke wat hy voortdurend van die burgers-geëis het. Die burgers maak pertinent hiervan melding in die KLAGSKRIF.⁷⁹⁾ Voordat hy byvoorbeeld grond aan 'n burger toegeken het, moes so 'n persoon hom eers 'n geskenk gee "aangezien hij naar klinkende redenen zeer gauw is luisterende!"⁸⁰⁾ Veral Hüsing moes dit ontgeld; hy wou graag die Goewerneur se guns

78) Bôeseken: Simon van der Stel en sy kinders, p. 157.

79) Klagskrif, Artikels XXVI en XXVII (Dominicus: a.w., p. 39).

80) Ibid.

behou ter wille van die winsgewende vleispag. Dit is byvoorbeeld bekend dat hy by geleentheid 10 352 gulden en 'n paar osse aan Van der Stel gegee het en by 'n ander geleentheid 3 000 ooie en twee slawe!⁸¹⁾ Kolbe merk sarkasties op dat Van der Stel blykbaar spyt gekry het dat hy juis 'n persoon soos Hüsing saam met drie ander burgers na Nederland "verban" het, "om dat hy aan Henning Husing eene goede melkoe verloor, als van wien hy altyd ryke presenten ontfangen."⁸²⁾ Omdat Hüsing geen kinders gehad het nie, het die hebsugtige Van der Stel werklik gemeen dat hy moontlik van eersgenoemde kon erf! Kolbe vertel hoe die Goewerneur in die teenwoordigheid van Willem Heems aan Hüsing se vrou gesê het: "Moeder Hüsing, wat wilt gy met zoo groten omslag na uw mans dood doen? Als ik u tien duizend guldens in Holland beschikte, zoo als ik door myne vrienden doen kan, zoo kondet gy fatzoenlyk en wel daarvan leven, de rest zal ik wel bezorgen."⁸³⁾ Hierdie woorde gebruik die Goewerneur nadat hy Hüsing so sleg behandel het. 'n Beter voorbeeld van Van der Stel se onversadigbare hebsug kan seker nie gevind word nie.

Maar die Goewerneur het ook ander persone afgepers, byvoorbeeld die reeds genoemde Rotterdam.⁸⁴⁾ Toe hy na die Kaap gekom het met die hulp van Van der Stel, het laasgenoemde hom laat beloof om tien jaar lank elke jaar 500 Kaapse gulden aan hom te gee. Daarby het hy boonop ook nog 900 skape van hom afgepers.⁸⁵⁾ By geleentheid het Van der Stel Rotterdam

81) Bōgaert: a.w., pp. 478v.

82) Kolbe: a.w., p. 353.

83) Ibid. My onderstreping.

84) Kyk p. 59 hierbo.

85) Bōgaert: a.w., p. 479.

versoek om Hüsing oor te haal om die helfte van 3 000 riksdaalders, wat die Kompanjie Hüsing vir die lewering van vleis geskuld het, aan hom (Van der Stel) te skenk. Hiervoor sou Rotterdam dan 500 gulden as beloning ontvang! As Hüsing sou weier, moes Rotterdam hom meedeel dat die Goewerneur hom sou ruïneer.⁸⁶⁾

Bōgaert praat van die Goewerneur se "onverzadelyke hebzucht" en hy maak melding van die 400 wolskape wat Van der Stel van die boere "gekoop" het sonder om hulle daarvoor te betaal. Toe hulle hom die beloofde geld gevra het, het hy hulle beleedig.⁸⁷⁾

Jacobus van der Heiden het hom egter nie soos die ander laat afpers nie. Hy het naamlik dertig lêers wyn aan Van der Stel gelewer teen twintig riksdaalders per lêer. Toe hy na maande nog geen betaling ontvang het nie en sy geld gaan vra, het die Goewerneur "met grove scheltwoorden zeer hevig tegen hem" uitgevaar.⁸⁸⁾ Van der Heiden het egter op sy geld aangedring en dit eindelik ook ontvang. Maar hierop het Van der Stel 'n sekere stuk grond wat hy aan Van der Heiden beloof het aan iemand anders gegee, bloot uit wraaksug.⁸⁹⁾

Daar is ook nog ander gevalle van afpersing deur Van der Stel bekend. Dit is onder eed bevestig deur Etienne Niël, Jan Vosloo, Jan de Buis en Ferdinand Appel dat die Goewerneur by geleentheid ook "geskenke" van hulle afgepers het.⁹⁰⁾

86) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 40, 41.

87) Bōgaert: a.w., p. 477.

88) Klagskrif, Artikel XXVII (Dominicus: a.w., p. 39).

89) Ibid.

90) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 16, 17, 118, 149.

Uit hierdie beskuldiging van hebsugtige optrede deur Van der Stel kry 'n mens 'n baie ongunstige indruk van sy beeld as goewerneur. Hy het 'n magsposisie beklee waarvan hy misbruik gemaak het; hy het homself verryk ten koste van minderbevoorregte en verleë onderdane. Hulle sou hom dit nooit vergewe nie.

Maar afgesien van sy hebsug, was die Goewerneur ook nog oneerlik en sou hierdie faset van sy persoon sy beeld nog verder benadeel.

6.10 Wilhem Adriaen se oneerlikheid

Alle inligting wat moontlik nadelige lig op die Goewerneur kon werp is sorgvuldig uit die amptelike stukke van die Kompanjie weggelaat. Dit kom 'n mens spoedig agter as jy die dokumente lees. Die gedurige afwesigheid van Van der Stel van die Kasteel is byvoorbeeld nooit in die DAGREGISTER opgeteken nie. Die Goewerneur het ook doelbewus die oopstel van die veeruil met die Hottentotte deur Here XVII vir die vryburgers verswyg.⁹¹⁾ Van sy groot boerdery op "Vergelegen" het hy aan Here XVII geen woord gerep nie en toe dit op die lappe kom, was hulle erg onthuts! Die vryburgers was ook onbewus daarvan dat die Goewerneur en sy amptenare uitdruklik verbied was om te boer.⁹²⁾

In die KLAGSKRIF word die Goewerneur op verskeie plekke van oneerlikheid beskuldig: hy het wederregtelik Kompanjiesknegte en slawe op sy plaas vir privaatdoeleindes gebruik;⁹³⁾

91) Kyk pp. 60, 61 hierbo.

92) Theal: History of South Africa, before 1795 II, pp. 407, 424.

93) Klagskrif, Artikel II (Dominicus: a.w., p. 33).

hy het koring op 'n ander se naam aan die bakkers gelewer;⁹⁴⁾
hy het geen tiendes van sy inkomste aan die Kompanjie betaal
soos wat die boere moes doen nie;⁹⁵⁾ hy het hom nie aan die
verbod om ander mense se slawe te gebruik wat weggeleëp het
gesteur nie.⁹⁶⁾

Die burgers het aangetoon dat Van der Stel hulle woorde ty=
dens hul verhoor in 1706 in sy KORTE DEDUCTIE verdraai en
selfs vervals het.⁹⁷⁾ Verder het geblyk dat die Goewerneur
slawe se name in die boeke van die Kompanjie vervals het.
Daar is in die Kompanjiesboeke aangeteken dat sekere slawe
oorlede is, terwyl hulle in werklikheid op "Vergelegen" ge=
werk het!⁹⁸⁾

Die Goewerneur se optrede in verband met die wyn- en vleispag
het ook nie getuig van eerlikheid nie.⁹⁹⁾ Vir die vrybur=
gers was dit duidelik dat hy die nuwe reëlings slegs vir sy
eie gewin getref het.

Die Goewerneur se GETUIGSKRIF VAN GOEIE GEDRAG¹⁰⁰⁾ skep
allermens die indruk dat hier van 'n eerlike man sprake is.¹⁰¹⁾
In die teks word na die Goewerneur as 'n eerlike man verwys
en die ondertekenaars is gevra om dit te beaam. Die wyse

94) Klagskrif, Artikel XX (Dominicus: a.w., p. 37).

95) Ibid.

96) Ibid., Artikels XXXI en XXXII (Dominicus: a.w., p. 39).

97) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 65, 112.

98) Ibid., p. 153.

99) Kyk p. 61 hierbo.

100) Kyk hoofstuk I en III vir meer besonderhede hieroor.

101) Kyk hoofstuk III vir meer besonderhede.

waarop hierdie handtekeninge egter verkry is loënstraf hierdie feit. Geen wonder dat Starrenburg sommige plattelanders met pistole gedreig het toe hulle nie wou teken nie.¹⁰²⁾

Beëdigde verklarings wat na Van der Stel se ontslag deur sy voormalige knegte afgelê is, toon dat hy heelwat onwaarhede in sy KORTE DEDUCTIE kwyd geraak het toe hy op die vryburgers se klagtes aangaande sy boerdery geantwoord het.¹⁰³⁾

'n Goewerneur wat dermate deur sy onderdane gewantrou is as gevolg van sy oneerlikheid, moes verwag dat hy ernstige teenstand sou uitlok. Hierdie bepaalde karaktertrek sou Van der Stel se beeld in die geskiedenis erg benadeel.

6.11 Wilhem Adriaen verwaarloos sy werk

Hoe meer die Goewerneur in sy boerdery begin belangstel het, hoe meer het hy sy pligte by die Kasteel verwaarloos. Hy het gereelde besoeke op sy plaas afgelê en langer en langer daar vertoef. Dit was juis een van die klagtes van die vryburgers dat hy soms langer as ses weke op "Vergelegen" gebly het "en de dienst der Maatschappij gansch niet naer behooren door hem werd gade geslagen."¹⁰⁴⁾ Dié onverskillige optrede van die Goewerneur kon ernstige gevolge gehad het aangesien Nederland en Frankryk op hierdie stadium in 'n oorlog gewikkel was. Die Franse vloot kon byvoorbeeld enige tyd Tafelbaai binnegevaar het tydens een van die Goewerneur se gereelde besoeke aan sy plaas. Theal meen dat hierdie

102) Bôgaert: a.w., p. 513.

103) Verklaring deur Calis Louw en Jan Human (Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 138, 139).

104) Klagskrif, Artikel VI (Dominicus: a.w., p. 35)

onverskilligheid van Van der Stel alleen genoegsame rede was om hom te veroordeel.¹⁰⁵⁾

Adam Tas het by geleentheid opgemerk hoe haastig die Goewer=neur op 'n sekere dag van sy plaas na die Kasteel vertrek het. Skote is van Robbeneiland gehoor en daar is gemeen dat daar skepe aangekom het. Tas merk ewe lakonies op: "... hadde 't in zijn macht gestaan, hij zoude wel derwaards zijn gevlogen ... Ik geloof dat hij een knagend geweeten heeft."¹⁰⁶⁾

Dit is ook opvallend hoe min die Politieke Raad, die land se hoogste bestuursliggaam, tydens Wilhem Adriaen se bestuur vergader het. Die rede hiervoor was dat die Goewerneur die meeste van sy aandag aan sy boerdery gegee het. Tydens die krisisjare 1705/6 het dié Raad egter meer dikwels vergader, of was dit genóódsak om meer dikwels te vergader. In 1699, die jaar van Van der Stel se bestuursaanvaarding, het die Raad agtien keer vergader; in 1700 elf keer; in 1701 sewe keer; in 1702 ses keer; in 1703/4 slegs vyf keer. In 1706 het dit egter negentien keer vergader! Dit werp 'n baie ongunstige lig op die beeld van die Goewerneur as verantwoorde=like hoofamptenaar. 'n Mens verbaas jou net dat Here XVII hom nie hieroor aangespreek het nie; hulle het tog insae in die amptelike stukke gehad waarin die datums van die vergade=rings opgeteken is.

105) Theal: History of South Africa, before 1795 II, pp. 413, 414.

106) Dagboek van Adam Tas, 8.8.1705 (Fouché: a.w. (1970), p. 102). Sedert Van Riebeeck se tyd was daar 'n paar amptenare op Robbeneiland wat as wagpos die Kaapse amptenare moes waarsku wanneer skepe in aantog was.

Willem Adriaan kon dit nie verdra dat enigiemand hom teengaan nie en wanneer dit wel gebeur het, het hy feitlik buite homself van woede geraak en dan geskel en gevloek. Kolbe was getuie by so 'n geleentheid. Op 'n dag het hy gehoor hoe Van der Stel raas en vloek en met sy voete stamp. Die rede hiervoor was die onverwagte teenstand wat hy in die Raad van Justisie in 1706 gekry het van twee van die lede, naamlik Johannes Swellengrebel en Nicolaas Oortmans. Die omstandighede was kortliks die volgende: Die Goewerneur het die ondertekenaars van die KLAGSKRIF op daardie oomblik genade-loos vervolg. Hy kon egter nie sy hande op almal hê nie, want nege het gevlug - drie Hollanders, drie Franse en drie Afrikaners.¹⁰⁷⁾ Hy wou hulle in hul afwesigheid vonnis maar Swellengrebel en Oortmans het egter gemeen dat die vonnis van 'n swaar boete, vyf jaar verbanning na Mauritius asook 'n verbod om ooit weer enige politieke of militêre pos te beklee, heeltemal buitensporig was. Na 'n hewige debat moes hulle hul by die meerderheidsbesluit ten gunste van die vonnis neerlê en die "Gebieder", soos Van der Stel ook bekend gestaan het, het weer sy sin gekry.

Nog 'n voorbeeld van die Goewerneur se kwaai humeur kan gevind word in sy eerste skriftelike reaksie op die vryburgers se KLAGSKRIF.¹⁰⁸⁾ Dit is inderhaas opgestel, want die

107) Kyk voetnoot 76 hierbo asook die volgende werke: Bôgaert: a.w., pp. 554v.; Kolbe: a.w., p. 378; Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, pp. 94, 95 en 296.

108) Hierdie teks is as byvoegsel by Van der Stel se brief aan Here XVII, 31.3.1706 gevoeg. Dit kom volledig voor in Bôgaert: a.w., pp. 567v. Kyk verder hoofstuk III, pp. 98 - 109.

retoervloot het gereed gelê om te vertrek. Dit verskil van die tweede poging (KORTE DEDUCTIE) daarin dat dit in veel sterker taal opgestel is. In laasgenoemde geval het Van der Stel tyd gehad om hom te besin, maar hier verraaï hy sy ware aard. Woorde soos "goddeloos geschrift", "vuilaardigen Schryvers", "vervloekte gemoedschrift en helse passie" kom in eersgenoemde dokument voor. Geen wonder dat Bôgaert opmerk dat Van der Stel hier "veeleer de snater van een viswyf, dan de pen van een zedig wederlegger gebruikt":¹⁰⁹⁾

Nog voorbeelde van Van der Stel se onsimpatieke optrede is die volgende: Sy weïering om Adam Tas verlof uit die gevangenis te gee om die begrafnis van sy seuntjie by te woon. Laasgenoemde het beswyk toe hy per ongeluk verbrand het.¹¹⁰⁾ Daar is ook reeds gewys op Van der Stel se onsimpatieke optrede teenoor die bejaarde Jan Rotterdam¹¹¹⁾ en die feit dat hy sy eie vader feitlik nooit besoek het nie. Teenoor sy eie amptenare het hy dikwells uiters bars opgetree. Een van sy lyfwagte, sersant Jan Jering, is daarvan verdink dat hy bevriend was met Adam Tas en daarom is hy uit sy pos ontslaan. Op 'n dag het die Gouwerneur Jering laat roep oor 'n skynbaar onbenullige insident wat hom nie aangestaan het nie. Hy het vaandrig Slotsboo opdrag gegee om die jonge Jering met 'n rottang af te ransell. Toe hy nie meer kon slaan nie, het Van der Stel self die rottang gevat en Jering nog meer slaë toegedien!¹¹²⁾

109) Bôgaert: a.w., p. 584.

110) Kolbe: a.w., p. 381.

111) Kyk p. 59 hierbo.

112) Bôgaert: a.w., p. 589; Kolbe: a.w., p. 359.

W.A. van der Stel se meedoënlose vervolging van die vryburgers hang ten nouste saam met sy onsimpatieke optrede teenoor die meeste van sy onderdane. Dit is dus begryplik waarom hy beskou word as een van die mees gehate staatshoofde in die geskiedenis van Suid-Afrika, te oordeel aan die ongunstige beeld wat die meeste historici in die geskiedenis ingedra het.

6.13 Wilhem Adriaen se "vriendinne"

Dit is nie bekend hoe die verhouding tussen Wilhem Adriaen en sy vrou was nie, hoewel 'n mens uit verskeie bronne kan aflei dat dit nie baie gelukkig kon wees nie. Dit is byvoorbeeld bekend dat die Goewerneur dikwels sonder sy vrou na "Vergelegen" gegaan het "met eenige Juffrouwen van plaisier" om met hulle "zyn vermaak te neemen tot groot verdriet en hartenwee van zyn Exhtgenoot, die al die Weereld met ons zal moeten beklagen."¹¹³⁾ Kolbe het pertinent na die Goewerneur se "vriendinnen (wat hy) aan zyne snoer had" verwys.¹¹⁴⁾ As gevolg van haar man se ontrou het Maria van der Stel "uijt mismoeidigheid zig zelf heeft willen verdrinken, ten dien eijnde was zij in de fontijn achter 't huijs aan de Caab gesprongen dog Juffrouw Berg was aldaar, dewelke toegeschoten quam om haar te helpen trekkende haar uijt het water, tegen dewelke zij zeer jammerlijk hadde geklaagt, dat haar 't leven zoo bang viel, omdat ze dagelijks zoo veel uijt sporigheeden moest hooren en zien ..."¹¹⁵⁾ As Adam Tas hierdie mededeling in sy DAGBOEK opgeteken het, voeg hy ewe lakonies daar= aan toe: "... zeldzaam voorval, waaruijt vrij wat nabedenken

113) Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 126.

114) Kolbe: a.w., pp. 302 - 303.

115) Dagboek van Adam Tas, 24.12.1705 (Fouché: a.w. (1914), p. 82). My onderstreping.

valt." Dit is seker nie vergesog om te beweer dat Tas met dié opmerking duidelik suggereer dat hierdie optrede van Maria aantoon dat Wilhem Adriaen 'n baie swak reputasie gehad het.

As gevolg van sy ontrou aan sy vrou en sy gedurige afwesigheid op sy plaas, het daar 'n groot afstand tussen Van der Stel en sy behoudende onderdane op die platteland ontstaan. Maar hierdie ongunstige beeld is nog verder versterk deur die Goewerneur se houding teenoor die Christelike godsdiens.

6.14 Wilhem Adriaen en die godsdiens

Die meeste burgers aan die Kaap was godsdienstige mense. 'n Mens dink hier veral aan die Franse Hugenate wat ter wille van hulle geloof hulle land verlaat en na die Kaap gekom het. 'n Mens sou verwag dat die staatshoof ook op godsdienstige gebied 'n voorbeeld sou wees. Helaas was dit met W.A. van der Stel nie die geval nie. Vir Kolbe, wat dikwels in aanraking met die Goewerneur gekom het, wou dit voorkom asof Van der Stel eerder aanklank gevind het by die Oosterse godsdiens: "Hy bezat ook voornamelyk deze hoedanigheid, dat hy als een geestelyke Regent de anderen met zyn voorbeeld voorgaan moest, niet veel van den uiterlyken Christelyken Godsdienst en 't Sacrament des Altaars, nog van 't byzonder lezen van de H. Schrift hield; om dat hy liever in den Turkschen Alkoran of de Joodsche Geschied-schryver Josephus ... dan in de H. Bybel las."¹¹⁶⁾

Van der Stel het selfs so ver gegaan dat hy opdrag gegee het

116) Kolbe: a.w., p. 181.

dat die Tien Gebooie nie voorgelees is tydens een van sy min besoeke aan die kerk nie! Daarom het die burgers hom gesien "als een zeer slegten yveraar voor het welwezen van Godts Kerk."¹¹⁷⁾

Hierdie eiewillige godsdienst van Van der Stel het daartoe bygedra dat talle vryburgers geen respek meer vir hom gehad het nie. Geen wonder dus dat daar soveel uitbundige vreugde geheers het toe die eerste nuus van sy herroeping die Kaap bereik het nie.

7. WILHEM ADRIAEN WORD HERROEP

Dit is nie algemeen bekend nie dat Here XVII, nog voor die burgers se KLAGSKRIF hulle op 27.7.1706 bereik het, alreeds 'n kommissie benoem het om ondersoek in te stel na klagtes oor W.A. van der Stel.¹¹⁸⁾ Hiervan het die Goewerneur niks geweet nie. Selfs die vryburgers het nie geweet hoe inligting aangaande die Goewerneur se gedrag Nederland bereik het nie.¹¹⁹⁾ Op 26.10.1705 is 'n kommissie uit die Amsterdamse Kamer van Here XVII aangewys om die klagtes teen Van der Stel te ondersoek. Uit die amptelike korrespondensie tussen Van der Stel en Here XVII kon hulle niks wys word nie en dit wou voorkom asof alles glad verloop het aan die Kaap en of Van der Stel sy werk goed gedoen het. Die Goewerneur het geen melding van enige ontevredenheid in sy briewe gemaak nie.

- 117) Beëdigde verklaring deur Jacob Pleunis, Jacob de Savoje en Gerrit Remkes (Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, p. 181).
- 118) Theal: History of South Africa, before 1795 II, p. 442.
- 119) Tas skryf in sy Dagboek, 19.6.1705, dat hy gehoor het dat klagtes Here XVII bereik het, maar hy gee geen besonderhede nie (Fouche: a.w. (1970), p. 48).

In die maande wat gevolg het op die aanwysing van bogenoemde kommissie, het al hoe meer ontstellende berigte Here XVII uit die Kaap bereik. Hierop het hulle 'n spesiale kommissie, wat al die Kamers verteenwoordig, op 8.3.1706 aangewys om die hele aangeleentheid te ondersoek. Met die aankoms van die retoervloot op 27.7.1706 het Here XVII nie alleen Van der Stel se lywige brief ontvang waarin hy homself verdedig nie, maar ook die burgers se KLAGSKRIF. Verder het die "verbanne" burgers, Henning Hüsing, Ferdinand Appel en Pieter van der Byl, wat met dieselfde vloot aangekom het, hulle saak ook gestel. Veral Van der Stel se onwettige en gewelddadige optrede teenoor die vryburgers het groot ontsteltenis in Nederland veroorsaak. Die vryheidsliewende burgers van Holland en Zeeland was woedend en het aangedring op optrede teen Van der Stel. Uit die resolusies van Here XVII blyk dit dat hulle hul bes gedoen het om agter die waarheid te kom, hoewel hulle drie maande geneem het om 'n besluit te neem. Die Goewerneur se verweer is nie aanvaar nie en die vryburgers is gelyk gegee. Op 25.10.1706 het die spesiale kommissie verslag, met aanbevelings, gedoen. Here XVII het dit die volgende dag aanvaar. Hiervolgens is Van der Stel en sommige van sy vernaamste amp=tenare na Nederland herroep.¹²⁰⁾

Hierdie nuus het die Kaap op 20.2.1707 bereik, maar die Goewerneur het hom nie daaraan gesteur nie.¹²¹⁾ Amptelik het hy die nuus op 16.4.1707 ontvang, maar hy sou nie maklik

120) Vir besonderhede oor wat in Nederland gebeur het, kyk Theal: History of South Africa, before 1795 II, pp. 442 - 446; Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika III. Kaapstad, 1911, p. 3.

121) Bôgaert: a.w., p. 591.

afskied neem van sy geliefde "Vergelegen" nie en 'n volle jaar het verloop voordat hy die Kaap permanent op 23.4.1708 verlaat het.¹²²⁾ Hy het selfs by Here XVII gepleit om as "vergete burger" op sy plaas te bly.¹²³⁾ Hierdie versoek is egter met beslistheid van die hand gewys en Here XVII het selfs hul verbasing oor so 'n versoek uitgespreek. Van der Stel is beveel om dadelik na Nederland terug te keer.¹²⁴⁾ Kolbe het Van der Stel se reaksie op hierdie verpletterende nuus so beskryf: "De Gouverneur zuizebouden als een dronk=aard, die op zyne voeten niet staan kon; het smerte hem zeer, dat hy zien moest, dat zyne gevangenen over hem zege=praalden; en dat hy uit deze zoete en aangename luchtstreek (ik gebruik zyne eigene woorden) weg moest."¹²⁵⁾

Here XVII se uitdruklike bevele is egter nie dadelik uitgevoer nie. Die fiskaal, Blesius, wat nou moes waarneem "lag tot ongeluk der burgers in eenen diepen slaap"; hy het die bestuur nog steeds in Van der Stel se hande gelaat!¹²⁶⁾ Die burgers moes maar geduldig wag totdat die bestuur formeel op 3.6.1707 aan die waarnemende goewerneur, Johannes D'Ableing, oorhandig is. Nogtans het sake vir die burgers nie dadelik verbeter nie, aangesien D'Ableing 'n neef van Van der Stel was en dié hom nog allerhande vryhede toegelaat het. D'Ableing het reeds op 6.5.1707 arriveer, maar die bestuur byna 'n maand later eers oorgeneem!

122) Theal: History of South Africa, before 1795 II, p. 462.

123) W.A. van der Stel - Here XVII, 25.4.1707 (Leibbrandt: Precis ... Letters Despatched, 1696 - 1708, p. 324).

124) Here XVII - W.A. van der Stel, 22.10.1707 (Leibbrandt: Precis ... Letters Received, 1695 - 1708, p. 469).

125) Kolbe: a.w., p. 390.

126) Ibid.

Wilhem Adriaen het baie invloedryke vriende in Nederland gehad en hy het vuriglik gehoop dat hulle hul invloed sou gebruik om Here XVII oor te haal om "Vergelegen" in sy besit te laat bly.¹²⁷⁾ Hierdie optrede van Van der Stel na sy ontslag klink byna ongelooflik, maar dit bewys miskien juis dat hy sy daade van die verlede nie in so 'n ernstige lig gesien het nie. Dit wil werklik voorkom asof hy gemeen het dat hy onskuldig was. Daarom het hy ook 'n hele reeks onderhandelinge met die Politieke Raad aangeknoop. Hy is selfs toegelaat om sy druiwe te pars op voorwaarde dat hy die helfte aan die Kompanjie afstaan.¹²⁸⁾

Groot was dus die vryburgers se blydschap toe die nuwe goewerneur, Louis van Assenburgh, eindelik op 25.1.1708 arriveer het. Hulle het veel lof vir hom gehad en het die hoop uitgespreek dat God hom lank vir hulle sou spaar.¹²⁹⁾

8. W.A. VAN DER STEL SE BEELD - DRIE SLOTBESKOUINGS: A. BOGAERT, G.M. THEAL en L. FOUCHÉ

Dit is veral drie historici wat hulle die sterkste oor Van der Stel uitgelaat het en wat die ongunstige beeld van die Goewerneur in die geskiedskrywing ingedra het. Elkeen van hulle het sy siening van die Goewerneur op 'n besondere wyse saamgevat. Hierdie hoofstuk word nou met die aanhaling daarvan afgesluit.

127) Kolbe: a.w., p. 460.

128) Resolusie van die Politieke Raad, 22.2.1708 (Böeseke (red.): S.A. Argiefstukke. Resolusies van die Politieke Raad. Kaap no. IV, 1707 - 1715, p. 53).

129) "Opdragt", 16.4.1711 (Van der Heiden en Tas: Contra Deductie, bladsy nie genommer).

8.1 Abraham Bôgaert

Bôgaert se siening van Van der Stel word miskien die beste saamgevat in 'n spesiale gedig wat voor in die CONTRA DEDUCTIE verskyn het.¹³⁰⁾ Die titel lui as volg: "Op de Contra Deductie der mishandelde Kaapsche Voortplantelingen."

Zo komt in 't endt de waarheit in het licht,
Door eene wolk van logens doorgebroken,
En toont haar' glans voor ieders aangezicht,
Met grammen moede uit eene zucht ontstoken.
De Dwingelant van Neêrlandsch Afrika,
Door weelde en lust en dolle hoogmoed dronken,
Ontziet zich niet met bitter ongena
Den eendrachtsbandt, van diamant geklonken,
Te breizelen uit zucht tot snoot gewin,
Om Krassus in zyn goutdorst na te streven;
En slaat den weg der Aardstierannen in,
Die ieder voor hun geessels deden beven.
Het woort van vry en vryheit kent hy niet,
Veel min van keur, en voorrecht, en betaamen,
En wat men uit die bron ontsprongen ziet,
Maar zyn by hem voor lang versleete namen.
Hy kent bedrog en list, geweld en haat;
Verstaat zich op het klateren der zweepen,
Op bandt en boei en kerker, en al 't quaat,
Dat ooit een ziel op 't felste heeft geneepen.
Het klagen zelfs ziet hy voor oproer aan,
Voor muitery, en snooder schelmerye;
En teest daarom den trouwen onderdaan,
Alom vervolgt in zyne plaatsvoogdye,
Gekerkert, en gerukt van wyf en kint;
Naer Indië, naer Hollant fors gedreven,
En bloot gestelt aan vyant, zee en wint,
Om klem aan zyn geweld en macht te geven.
Geblixemt om die wrangheit door een hant
Van grooter kracht dan zyn geleent vermogen,
En weêr gebracht tot eenen enklen stant,
Bedient hy zich van laster, smaat en logen;
En braakt zyn gal den Vryman in 't gezicht,

130) Na die "opdrag", verskyn 'n "Voorreden" en dan Bôgaert se gedig in die Contra Deductie.

Waar van het schuim zyn Meesters vliegt in d'oogen,
 Door eene pen op streeken afgericht,
 En, zo als hy, de schaamte ver onttogen.
 Geen edle ziel, dus fel op nieuw gesart,
 Kan, vry van boei, dien bittren hoon verzwelgen,
 Noch andermaal zich treeden zien op 't hart,
 Maar moet zich om dien laster billyk belgen.
 Dit toonen Tas en Van der Heiden t'zaam,
 Twee mannen, die den kelk van wrangheit dronken,
 Gemachtigt uit hun Medebroeders naam,
 Die alle mee den drukwyn wierd geschonken;
 Als uitgedaagt ten strydtperk door een schrift,
 Een valsch geschrift, verminkt in al zyn deelen,
 En onlangs door een brave pen geschift,
 En fel gezweet met wonden, nooit te heelen.
 Hier blykt dan klaar 't belang der dwinglandy,
 En uit wat bron het klagen is gesprooten,
 Wrang aangezien voor snoode muitery
 Door van der Stel en andre Kaapsche Grooten.
 Zy toonen, dat hun Klachtschrift was gegront
 Op waarheit, nu gesterkt door heilige eeden,
 Geen valsche noch gewrongen uit den mondt,
 Maar vry gestaaft, en steunende op de reden:
 Die zullen door een' mist van logentaal
 Met hellen glans in 't oog der werelt schynen,
 En glooren tot aan 't heemels gulde zaal,
 Met eenen gloet, die nimmer zal verdwynen.
 Laat nu een Boom, een scherp gedoornde boom,
 Hoe ryk van kracht en Roozen, weder bloeyen
 En steken, dat het bloet te voorschyn koom',
 Dit mes zal hem tot aan den wortel snoeyen,
 En smooren al zyn voedzel in den gront,
 Alree gescherpt tot een veel dieper wondt.

A. BOGAERT.

8.2 G.M. Theal

W.A. van der Stel "was the most corrupt of all the men who
 have ever been at the head of affairs in this country, and
 yet we shall find that it was not so much his robbery of the
 Company as his faithlessness in the discharge of his duty,
 his disregard of instructions, his violent conduct, and

general misgovernment that caused him to be regarded with aversion both here and in the Netherlands."¹³¹⁾ Theal beklemtoon dit dat dit nie uit die argivale bronne blyk watter soort persoon Wilhem Adriaen was nie, maar van een saak is hy seker: "Before he became governor he had borne a good character, and had not displayed those vices which at a later date made his name infamous. He had an amazing amount of assurance, which may have been of advantage to him at this period of his career."¹³²⁾

8.3 L. Fouché

"De aanstelling als Gouverneur aan de Kaap met de bijna onbeperkte, autokratiese macht die deze meebracht, gaf hem voor 't eerst de gelegenheid de vrije teugels te geven aan de grillen en hartstochten van zijn zonderlinge natuur ... Willem Adriaan maakt op ons de indruk van een halve oosterling. Hij was zeker niet zonder goede eigenschappen, maar het ontbrak hem geheel aan evenwicht en moreel gevoel ... Zijn geaardheid was tegelijk gebiedend en zwak. Zodra er 't minste verzet kwam tegen zijn wil, werd hij overmeesterd door aanvallen van bijna waanzinnige woede ... Nog erger is de grenzelose bedriegerij, waarmee hij zich zoekt te rechtvaardigen: valse verklaringen worden bij tientallen op zijn bevel opgetrokken en beëdigd als echt ... Van der Stel openbaart in en na de krisis een karakter, dat geen zweem van eergevoel of schaamte bezit."¹³³⁾

131) Theal: History of South Africa, before 1795 II, p. 386.

132) Ibid., p. 387.

133) Fouché: a.w. (1970), pp. 10, 12.

9. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aangetoon waar die ongunstige beeld van W.A. van der Stel vandaan kom. Dit is veral dié beeld wat Bôgaert, Kolbe, Fouché en Theal in die geskiedskrywing vasgelê het. In mindere mate geld dit ook vir Bôeseken, hoewel sy ook waardering gehad het vir Van der Stel se positiewe daede.

Die beeld soos in hierdie hoofstuk uiteengesit na aanleiding van genoemde bronne, is die volledige wat daar van W.A. van der Stel in ons geskiedskrywing bestaan. Wetenskaplik is dit ook die suiwerste; dit berus op deeglike argivale navorsing. Dieselfde kan ongelukkig nie gesê word van die beeld wat Van der Stel en sy verdedigers na vore wou bring nie. Dit word in die volgende hoofstuk bespreek.